# Redaksioneel

**Marni Bonthuys**

Die artikels in hierdie nommer van *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* kom uit 'n wye verskeidenheid van velde binne die Afrikaanse en Nederlandse taal- en letterkunde. Dit illustreer duidelik die vitaliteit van beide taalgebiede met akademiese navorsing wat uit 'n veelheid van invalshoeke oor taal- en letterkunde geskied.

Die eerste artikel is een van Bernard Odendaal oor die nalatenskap van Herman Gorter se *Mei* en *Verzen* in die Afrikaanse digkuns. Odendaal dui op die onderwaardering van Gorter se nalatenskap in Afrikaans en wys op die invloed wat sy poësie op die werk van digters soos W.E.G. Louw, N.P. van Wyk Louw, C.M. van den Heever, T.T. Cloete en Fanie Olivier gehad het.

Marius Crous sluit aan by resente gesprekke rondom dierestudies en die belangrikheid van ekokritiek in die letterkunde en verskaf 'n vernuwende diergerigte lesing van N.P. van Wyk Louw se bekende gedig "Beeld van 'n jeug: duif en perd".

'n Artikel van Eep Francken wat eers in verkorte vorm verskyn het in Wim van Anrooij en Paul Hoftijzer se *Lezen in de lage landen. Studies over tien eeuwen leescultuur*, verskaf 'n oorsig van die Nederlandse letterkunde wat tussen 1938 en 1955 aan Suid-Afrikaanse hoërskoolkinders as deel van die vak Afrikaans voorgeskryf is.

Rufus Gouws se bydrae is vanuit 'n leksikografiese hoek en fokus op ontwikkelinge en andershede rakende die Afrikaans-Nederlande taalpaar. Naas ANNA (*Prisma groot woordenboek Afrikaans en Nederland*s) kom ander meertalige woordeboeke waarin Afrikaans gebruik word, ter sprake.

Die laaste artikel, van Zanétte Meintjes, handel oor akademiese geletterdheid en spesifiek die gebruik van Afrikaanse konjunksiemerkers in die formulering van geskrewe akademiese argumente op universiteit. Meintjes verskaf 'n indeling van hierdie konjunksiemerkers wat studente in staat sal stel om meer koherente argumentatiewe tekste op universiteit te produseer.

Hierdie uitgawe is die eerste een wat onder my redakteurskap verskyn. Hartlike dank aan die artikelskrywers vir hulle bydraes en vinnige terugvoer op keurdersverslae. Ook dank aan dr. Annie Klopper vir haar deeglike redigeerwerk, Christa van Zyl vir die uitleg en die SAVN se administratiewe beampte Kobie de Kamper vir haar talle insette in die publikasieproses.

*Universiteit van Wes-Kaapland*